Hoërskool Tuine

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

NO 1 VAN 2024 **19 Februarie 2024**

Geagte Ouers en voogde
Baie welkom aan elke ouer en leerder. Mag 2024 vir u elkeen 'n besondere jaar wees met baie geleenthede en uitdagings. Ons hoop dat elkeen die jaar met 'n besondere entoesiasme sal aanpak, en dat ons almal van 2024 'n groot sukses sal maak. 'n Spesiale woord van welkom aan al die nuwe leerders, veral die Graad 8 leerders en hul ouers.
Die jaar is goed op dreef en verskeie aktiwiteite is reeds volstoom aan die gang.

Verkiesing van die Beheerliggaam

Die nasionale verkiesing van skoolbeheerliggame word vanjaar gedurende die eerste kwartaal gehou. Kennis is reeds gegee van die **voldag verkiesing wat op Dinsdag, 5 Maart 2024 vanaf 06:00- 19:00** vir ouerlede sal plaasvind. Kandidate (ouers van Hoërskool Tuine en wat nie werknemers van die skole is nie) kan deur die voorsteller, by wyse van 'n nominasievorm, voorgestel word. 'n Sekondant moet ook die nominasievorm onderteken. **Die nominasies open op Dinsdag, 27 Februarie 2024 en sluit op Vrydag, 1 Maart 2024**. Nominasievorms kan verkry word in die hoof se kantoor.

Die genomineerde ouer moet asb. 'n kort CV inhandig asook 'n foto wat dan vanaf Vrydag, 1 Maart 2024 op die skool se amptelike sosiale media blad geplaas sal word.

Assesseringsplan

Die assesseringsplan vir elke graad met al die beplande formele assessering is reeds op D6-toep geplaas. Ouers en leerders moet asseblief kennis neem en hulle asseblief vergewis van al die datums. Die leerders sal ook die nodige afbakening ontvang om effektiewe voorbereiding te doen vir die toetsreeks wat op Woensdag, 22 Februarie 2024 'n aanvang neem. Ons is ook in 'n tyd waar beurtkrag deel vorm van ons lewe – ons vra dus dat u seker maak dat u kind effektief voorberei gedurende die dag.
Daar is tans 'n tendens dat leerders glad nie huiswerk doen nie. Dit is uiters kommerwekkend, want huiswerk vorm 'n kardinale deel van onderrig en assessering.

Reëlings vir leerders in die toetslokale:

a) Leerders sit streng alfabeties in die lokaal. NIEMAND mag uitruil nie.
a) Leerders mag geen ander papiere, aantekeninge of boeke op sy/haar tafel hê sodra die vraestelle uitgedeel word nie.
b) Slegs deursigtige pennesakkies mag op 'n leerder se tafel wees. Andersins mag leerders slegs hul nodige skryfbehoeftes op die tafel hê.
c) Alle tasse of sakke moet voor of agter in die klas, weg van die leerders af, geplaas word. Alle tasse/sakke moet ook toe wees, met geen boeke/notas of papiere wat bo-op lê nie.
d) Geen sellulêre fone word by die leerders in die lokaal toegelaat nie. Dit moet in sy/haar tas of sak voor in die klas gebêre word en dit moet af wees.
e) Leerders mag ook geen ander elektroniese apparaat dra of oorfone gebruik nie.

f) Elke leerder moet sy/haar eie skryfbenodigdhede, sakrekenaars ens. gebruik. Formules / inligting mag nie op ‘n liniaal, binne sakrekenaarhouer of enige ander plek geskryf wees nie. Geen oor en weer gelenery word toegelaat nie.
g) Die gebruik van Tipp-Ex is ook verbode.
h) Leerders maak slegs gebruik van 'n blou pen, behalwe waar anders aangedui. GEEN rooi, groen of swart pen nie. Leerders mag ook nie op die antwoordstelle teken of briefies skryf nie.
i) Geen geselsery of briefies skryf, word tydens die eksamen toegelaat nie.
j) Verbode artikels tydens die toetsreeks sluit in: enige klankapparaat, speelkaarte, speletjies.
k) Leerlinge mag nie eet, kou of drink in die toetslokaal nie.

Afwesighede:
Baie dankie aan die ouers wat gereeld hul kinders skooltoe stuur en hul afwesighede en uitteken tot die minimum beperk. U hulp en ondersteuning word opreg waardeer.
Soos wat die toetsreeks nader, is daar ’n toenemende getal leerders wat daagliks afwesig is. Om enige onduidelikhede uit die weg te ruim gee ons die volgende inligting aan u deur indien u kind afwesig is gedurende die kwartaal of gedurende formele assesserings (eksamen en/of toetsdae en/of formele SBA):

- Dit is elke ouer/voog se verantwoordelikheid om die skool in kennis te stel indien u kind nie skool kan bywoon nie. **Indien ’n ouer nalaat om die skool in kennis te stel van sy/haar kind se afwesighede, sal die leerder na 10 dae (hoef nie aaneenlopend te wees nie) gederegistreer word.** U sal dan weer moet aansoek doen vir toelating tot die skool.
- Die nodige prosedure sal dan ook gevolg word om die afwesighede aan te meld by die onderwysdepartement.
- Ouers moet seker maak dat alle relevante kontakbesonderhede gereeld opgedateer word.
- Indien ’n leerder afwesig is, moet daar ’n mediese sertifikaat (selfs kliniekbrief), begrafnisbrief of ’n brief van ’n ouer ingehandig word. Die ouerbrief moet van die ouer wees soos op die stelsel by die skool.
- Die brief moet aandui wat die grondige rede is vir die leerder se afwesigheid.
- Indien geen brief ingehandig word nie en ‘n leerder is afwesig sonder ’n geldige verskoning, sal die leerder die kans verbeur om die toets weer te skryf. Die leerder sal 0 ontvang vir die vraestel, wat sy/haar promosie van die jaar kan beïnvloed.
- Neem asseblief kennis – indien ’n leerder nie ’n vraestel skryf soos aangedui op die toetsrooster nie, sal die afbakening verval en moet die leerder al die relevante werk leer. **’n Afwesige leerder sal ’n nuwe vraestel ontvang, gebaseer op die werk van die kwartaal.**
- Ons glo en vertrou u as ouer of as voog sal ons hande in die proses versterk en seker maak dat u kind betyds en teenwoordig is tydens die skryf van formele toetse en eksamens.
- **Alle afwesigheidsdokumente moet gestuur word aan admin@hstuine.co.za.**

TERREINVERLATING

Ouers word vriendelik, dog dringend versoek om alle afsprake in die middae na skool te reël. Kosbare onderrigtyd gaan verlore vir u kind. ’n Leerder mag slegs die terrein verlaat indien die ouer SELF die leerder by die algemene kantoor kom afhaal. Leerders sal slegs aan die EINDE van ’n periode uitgeroep word.

Vrydae is normale skooldae. Geen verlof om vroeër te vertrek vir vakansiedoeleindes of naweekwegbreke kan toegestaan word nie.

Ons doen ’n baie ernstige beroep op elke ouer vir u samewerking in die verband. Hiermee saam wil ons ook dit beklemtoon dat enige ander afwesighede tot die minimum beperk moet word. *Leerders bly te maklik tuis en dit benadeel hul vordering en veroorsaak ’n agterstand in hul skoolwerk.*

Ongerymdhede:
Indien 'n leerder gevang word met enige kripnotas, selfoon, “ear buds”, “smart watches”, ens. sal die leerder verwys word na die dissipline kantoor waar daar ’n SAIC/ dissiplinêre verhoor gehou sal word en indien die leerder skuldig bevind word aan enige ongerymdhede sal hy/sy 0 kry vir daardie vraestel.

Interhoër

Die Interhoër-atletiekbyeenkoms is die hoogtepunt op die atletiekkalender en vind op Dinsdag, 20 Februarie, te Pilditch plaas. Die byeenkoms begin reeds om 8:00 en ons het toestemming by die Gautengse Onderwysdepartement gevra om die skool Dinsdag te sluit. Daar sal toesig en 'n studieklas by die skool wees vanaf 7:30 -14:15 indien daar enige leerders is wat nie voldoende toesig tuis het nie.

Die **atlete vertrek reeds om 6:30** en die sanggroep moet om 7:30 op die pawiljoen bymekaar kom.

Baie sterkte aan al die atlete.

Datum	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Week 6					
Donderdag,22/02	NW	Engels	Engels	Engels	Toerisme / FW
Week 7					
Dinsdag,27/02	SW	Afrikaans	Wiskunde / WG	Wiskunde / WG	Wiskunde / WG
Woensdag,28/02	Kuns	Kuns	Toerisme	RTT	Engels
Donderdag,29/02	Engels	Wiskunde 1	Landbou / FW / GV / VS	Afrikaans	LW / IGO
Week 8					
Dinsdag,05/03	Wiskunde 1	SW	VK / Gesk	IGO	RTT
Woensdag,06/03			RTT	LW	Gesk / VK
Donderdag,07/03	Afrikaans	EBW	BS	FW / GV / VS	Afrikaans
Week 9					
Dinsdag,12/03	EBW	NW	LW / IGO	Rek / Geo / Gesk	BS / FW / GV / VS
Woensdag,13/03			Rek / Geo	Toerisme	Wiskunde / WG
Donderdag,14/03	Wiskunde 2	Wiskunde 2	Afrikaans	VK / BS	Rek / Geo



Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

ons skool ons waardes ons toekoms